Ek het U lief

# Oop vir verandering

## Bybelteks

*Die koning het toe opgegaan na die huis van die Here; al die manne van Juda en al die inwoners van Jerusalem was saam met hom, ook die priesters en die profete, ja, die hele volk, van klein tot groot. Ten aanhore van hulle almal het hy al die woorde van die boekrol met die verbond ... voorgelees. Daarna het die koning by die pilaar gaan staan en voor die Here die verbond gesluit. Hulle het onderneem om die Here te volg, om sy gebooie, sy bepalings en sy vaste voorskrifte met hulle hele hart en hulle hele wese na te kom ... Die hele volk het tot die verbond toegetree.*

**– 2 Konings 23:2-3**

## Kernwaarheid

**Net soos koning Josia moet ons ons weer aan die Here toewy en ons lewe op hom bou.**

### WELKOM

Dink aan die toring wat julle as groep gebou het. Wat gebeur as die fondasie van die toring nie reg is nie?

### WONDER

- Wat is die verbond?

- Waarom het koning Josia almal opdrag gegee om die verbond met God te hernu?

- Hoe lyk dit as 'n mens sy of haar lewe op God bou?

**WEES**

Lees weer die brief wat jy vir jouself geskryf het. Dink 'n rukkie na oor die dinge wat in jou lewe moet verander en hoe jy jou opnuut aan die Here kan toewy.

**WEGSTUUR**

Lees hierdie week elke dag die brief om jou aan jou toewyding te herinner.